



Die regte en verantwoordelikhede van die homoseksuele persoon

J.M. (Koos) Vorster
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomkampus
Noordwes Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: kwsjmv@puk.ac.za

Abstract

The rights and responsibilities of the homosexual person

Homosexual conduct is at the moment a very contentious issue in Christian Ethics in South Africa. The arguments in favour of a Christian ethical approval of homosexual relations, that were entertained in the seventies and eighties of the previous century in Europe and the United States, are now on the agenda of the Dutch Reformed Churches in South Africa. The issue of possible official marriages between homosexual partners is also under consideration due to a judgement of the Court of Appeal in South Africa that a prohibition on same-sex marriages should be regarded as unconstitutional. This article investigates the arguments of the proponents of homosexual marriages by evaluating the Scriptural testimonies regarding homosexual conduct, and by formulating ethical norms applicable to this theme. The conclusion is that Scripture forbids homosexual conduct because it is considered as "contra naturam". Therefore, the government and the church cannot condone homosexual conduct as well as same-sex marriages, because these relations are against the Biblical and constitutional value of human dignity. However, in spite of this principle both government and the church have an obligation to treat homosexual people with justice and love and to reject any form of homophobia.

Opsomming

Die regte en verantwoordelikhede van die homoseksuele persoon

Homoseksuele gedrag is vandag 'n baie omstrede saak in die Christelike etiek in Suid-Afrika. Die argumente ten gunste van

die etiese regverdiging van homoseksuele gedrag, wat in die sewentiger- en tagtigerdekades van die vorige eeu in Europa ontwikkel is, is nou ook op die agenda van kerke in die gereformeerde tradisie in Suid-Afrika. Die sogenaamde “gay” huwelike is ook in Suid-Afrika onder bespreking as gevolg van die uitspraak van die Appèlhof dat die verbod op sodanige huwelike as ongrondwetlik beskou moet word. Hierdie artikel ondersoek die argumente van die voorstanders van “gay” huwelike deur hulle aanspraak op die Skrif te evalueer en om etiese norme te formuleer wat op hierdie saak van toepassing is. Die konklusie is dat die Skrif “gay” huwelike verbied omdat dit beskou word as “contra naturam”. Die kerk en die sentrale owerheid mag nie “gay” huwelike en homoseksuele gedrag kondoneer nie, omdat dit strydig is met die Skriftuurlike en grondwetlike waardes van menswaardigheid. Tog het die owerheid en die kerk die taak om mense met ’n homoseksuele oriëntasie regverdig, billik en met liefde te behandel en om enige vorm van homofobie teen te staan.

1. Inleiding

Sedert die tagtigerjare van die vorige eeu is die Christelike etiek in die Westerse wêreld toenemend gekonfronteer met die saak van homoseksualiteit.¹ Hierdie konfrontasie is meegebring deur die opkomende menseregtekultuur wat dit bepleit het dat die reg van homoseksuele mense om self keuses te maak oor die hantering van hulle seksuele oriëntasie erken moet word. Verder word aangevoer dat homoseksuele persone dieselfde regte as alle ander mense in die samelewing moet geniet. Hierdie regte sluit in dat hulle in staat behoort te wees om met mense van dieselfde geslag ’n huwelik te kan sluit. Menseregte-organisasies en sommige kerke het die tradisionele opvatting oor homoseksualiteit die stryd aangesê en gestry vir die bevryding van die persone met ’n homoseksuele oriëntasie.

1 Christelike etici gebruik verskillende terme om hierdie menslike oriëntasie te beskryf. Benewens die term *homoseksualiteit* word die terme *homofilie* (Douma, 1984:9; Moberly, 1983:20), *homogenital* of *same sex ambivalence* en *homo-erotic* gebruik (Keane, 1980:72). In die algemene omgangstaal word die term *gay* gebruik. Hoewel Moberly (1983:20) oordeel dat die term *homoseksualiteit* dui op ’n eensydige erotisering van die toestand, word die term tog in hierdie artikel gebruik vanweë die feit dat dit die mees gebruikte benaming is vir persone se liefde tot mense van dieselfde geslag. Daar sal egter deurgaans onderskei word tussen *homoseksuele oriëntasie* as aanduiding van die aard van die persoon en *homoseksuele gedrag* as die persoon se aktiewe seksuele uitlewing van die oriëntasie.

Nou, twintig jaar later word die moderne Westerse samelewing ten opsigte van hierdie saak gekenmerk deur twee uiteenlopende tendense. Die een tendens is dat homoseksuele gedrag as normale gedrag beskou word en dat die huwelik tussen homoseksuele mense gewettig moet word. Nederland het in die wettiging van die homoseksuele huwelik die voortou geneem en in Suid-Afrika het die Appèlhof in Desember 2004 'n appèl laat slaag teen 'n vroëere uitspraak van die Hooggeregshof dat die homoseksuele huwelik onwettig is. Hoewel die Suid-Afrikaanse regering by die Konstitusionele Hof appèl aangeteken het, is dit duidelik dat regslui oordeel dat 'n verbod op die homoseksuele huwelik die Grondwet se grondwaardes van vryheid en gelykheid aantas. Homoseksuele gedrag word in die reg en ook in die menswetenskappe al hoe meer as normale gedrag getipeer.

Hierdie tendens het egter ook 'n fel teenreaksie opgeroep. Fundamentalistiese godsdiensgroepe en inheemse kulture wat die normalisering van homoseksuele gedrag in die Westerse lande as immoreel en as in stryd met hulle eie lewenswaardes beskou, antwoord daarop met *homofobie*. Hierdie term omskryf 'n gesindheid van haat en dade van aggressie, wantroue en verontregting teen persone met 'n homoseksuele oriëntasie. Soos die normalisering van homoseksuele gedrag toegeneem het, het homofobie ook toegeneem.

Christelike kerke het in die verlede homoseksuele gedrag afgewys (Douma, 1984:19). As gevolg van die nuwe besinning oor die afgelope vyf dekades, het sommige kerke 'n ander standpunt begin inneem. Tans staan die Christelike kerke aan weerskante van die spanninglyn. 'n Onlangse studie wat vir die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (NGKSA) oor die tema gedoen is, meld die volgende:

Aan die een kant is daar persone (en kerke – JMV) wat die tekste (oor homoseksualiteit) as verwysings na die verskynsel van homoseksualiteit as sodanig beskou en dit derhalwe interpreteer as 'n duidelike aanduiding dat die Skrif 'n sterk negatiewe oordeel daaroor uitspreek. Aan die ander kant is daar persone (en kerke – JMV) wat dieselfde tekste beskou as verwysings na spesifieke geperverteerde vorme van homoseksualiteit (byvoorbeeld verkragting, tempelprostitusie, afgodery en pederastie) en op grond daarvan aanvaar dat dit nie as veroordeling van homoseksualiteit as sodanig beskou kan word nie (NGKSA, 2004:4).

Daar is ook verskeie Christelike etici wat oordeel dat homoseksuele gedrag as 'n normale uitdrukking van seksualiteit beskou moet word solank dit beoefen word binne 'n vaste verhouding. Christelike etici neem een van drie standpunte in:

- Die eerste beskouing gaan uit van die standpunt dat die Skrif enige vorm van homoseksuele gedrag verbied (Douma, 1984:41; Grenz, 1990:215; De Bruyn, 1998:189; Van Wyk, 2001:321). Hierdie posisie is die *tradisionele beskouing*.
- Die tweede beskouing beskou eersgenoemde standpunt as fundamentalisties (Johnston, 1983:3). Hierdie etici oordeel dat die Skrif voorsiening maak vir homoseksuele gedrag binne 'n vaste verhouding en dat die beginsels van 'n heterogene huwelik ook op so 'n verhouding van toepassing is (McNeill, 1977:113; Johnston, 1983:173; Edwards, 1984:103; Brash, 1995:55; McCormick & Russell, 2002:189). Hierdie posisie is die *moderne beskouing*.
- Die derde posisie gaan uit van die standpunt dat die Skrif geen relevante gegewens oor homoseksualiteit bied nie, omdat die Bybel 'n ou boek is wat met die kennis en insigte van daardie tyd geskryf is. Die probleem lê nie by homoseksualiteit nie, maar by die Skrif self. Standpunte oor homoseksualiteit moet gevorm word in die lig van hedendaagse wetenskaplike kennis oor homoseksualiteit en die bevrydingsboodskap in die Bybel (Macourt, 1977:24). Hierdie posisie is die *Skifkritiese beskouing*.²

Die skerp reaksie in Suid-Afrika oor die uitspraak van die Appèlhof en die verdeeldheid daarvoor tussen Christene onderling, asook tussen sommige Christene en die ander godsdienste in die land, maak verdere besinning oor hierdie saak noodsaaklik. Aan die een kant moet die regte van die homoseksuele persoon in 'n grondwetlike demokrasie verskans word, maar aan die ander kant kan dit nie gedoen word sonder inagneming van die waardestelsel van die gemeenskap nie.

Hierdie artikel poog om 'n bydrae te lewer in die verdere nadenke oor die saak in Christelike kringe. Daar word van die voorveronderstelling uitgegaan van die goddelike inspirasie en gesag van die Skrif as die besondere openbaring van God – soos bely in artikels 3-5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Die logiese

2 Vir 'n gedokumenteerde uiteensetting van hierdie beskouing en die etiese implikasies daarvan, kan gewys word op die werke van Edwards (1984:47), Botha (2004:4), en Johnston (1983:163).

konsekwensie van hierdie voorveronderstelling is dat die Skrif wel vir die moderne tyd eties relevant is en die saak van homoseksuele gedrag behandel. Dit beteken egter nie dat die insigte van die wetenskap geïgnoreer word nie. Inteendeel, daar sal ook gewys word op die feit dat die resultate van navorsing oor die saak van groot waarde is in die formulering van 'n Christelik-etiese standpunt, asook vir die wyse waarop die kerk haar roeping teenoor persone met 'n homoseksuele oriëntasie kan vervul. Die Skrifkritiese standpunt dat die Skrif in hierdie opsig nie meer relevant is nie, is 'n hermeneutiese vraag wat nie hier gedebatteer word nie. Die navorsing sal dus toespits op die *tradisionele beskouing* en die *moderne beskouing* en nie op die *Skrifkritiese beskouing* nie.

Die navorsingsvraag lui soos volg: Watter beginsels en norme kan die Christelike etiek neerlê vir homoseksuele gedrag en wat is in die lig hiervan die regte en verantwoordelikhede van die persoon met 'n homoseksuele oriëntasie in 'n grondwetlike demokrasie? Vrae wat hieruit voortvloei is die volgende:

- Is homoseksuele gedrag aanvaarbaar as dit uitgeleef word in 'n permanente verhouding?
- Wat sê die gedragswetenskappe?
- Kan homoseksuele huwelike gewettig word?
- Hoe moet *homofobie* beoordeel word?
- Wat is die rol van die owerheid en die kerk in die hantering van homoseksualiteit?

As hipotese word die volgende gestel: Homoseksualiteit as oriëntasie is 'n komplekse saak wat met omsigtigheid hanteer moet word. Homoseksuele gedrag is egter *contra naturam* en kan nie gelegitimeer word as normale gedrag of normale verhoudinge in intermenslike verkeer nie. Hoewel die owerheid die fundamentele regte van persone met 'n homoseksuele oriëntasie moet beskerm, kan die owerheid nie legitimititeit verleen aan homoseksuele huwelike nie, omdat dit *contra naturam* is en indruis teen die waardestelsel van die gemeenskap.

In die ondersoek word eerstens aandag gegee aan die etiese beginsels wat ter sprake is. In die lig hiervan word etiese norme uitgespel. Die konsekwensies hiervan vir die verantwoordelikhede van die gemeenskap, die persoon met 'n homoseksuele oriëntasie, die roeping van die kerk en die plig van die owerheid ten opsigte van

die hantering van die persoon met 'n homoseksuele oriëntasie word daarna bespreek.

2. Etiese beginsels ten opsigte van homoseksualiteit

Vir 'n ondersoek na die Skriftuurlike gegewens oor homoseksuele gedrag is drie sake belangrik. Eerstens moet die sosio-historiese konteks van die gedeeltes verreken word. Hierin het die moderne beskouing 'n besondere bydrae gelewer. Tweedens moet die uitsprake wat voorkom in verskillende dele van die Ou en Nuwe Testament nie van die res van die Skrifboodskap en die deurlopende heilshistoriese lyne losgemaak word nie. Om die Skrif te verstaan is die verklaring van dié deel teen die agtergrond van die geheel uiters belangrik. Hierdie uitgangspunt is 'n belangrike beginsel in die tradisionele gereformeerde hermeneutiek (Berkhof, 1969:134; REC, 1990:7).

In die lig van bogenoemde verklaringsbeginsels, moet derdens alle Skriftuurlike gegewens oor huwelik en seksualiteit geles word teen die agtergrond van die skepping van man en vrou en die instelling van die huwelik en seksualiteit as die verkeer tussen man en vrou binne die geborgenheid van die huwelik. Kroeze (1970:16) vermeld dat God in die skepping by die mens spesifiek differensiasie van geslag aangebring het met die oog op seksuele verkeer. Daarmee begin die seksbegrip van die Ou Testament. Na die sondeval word hierdie heteroseksuele seksbegrip bevestig deurdat aan die vrou gesê word dat haar begeerte na die man sal wees. Hierdie begeerte dryf seksueel verskillendes na mekaar toe om die eenheid te soek wat deur die sondeval versteur is. Daarom haal Jesus hierdie woorde in Matteus 19:4-6 en Markus 10:5-9 aan om te bewys dat dit nie geoorloof is om om allerande redes van mekaar te skei nie. Kroeze (1970:19) sê dat Jesus daarmee die bedoeling van God handhaaf dat die begeerte wat die eenheid soek nie ongebreideld tot uitdrukking moet kom in die eenwording van elke willekeurige man met elke willekeurige vrou nie. Dit sou dierlik wees.

Die seksuele begeerte moet vervul word in die huwelik – die onverbreekbare band van een man met sy eie vrou wat hy gekies het. Hoewel Kroeze hom in hierdie uiteensetting nie uitspreek oor homoseksuele gedrag nie, is dit billik om die afleiding te maak dat homoseksuele gedrag, soos willekeurige seksuele gedrag, teen die skeppingsorde van God ingaan. Douma (1984:75) kom tot dieselfde konklusie na sy bespreking van skepping en verbond. Ook Keane (1980:80) betoog dat die Skrifgedeeltes wat handel oor homo-

seksualiteit nie in isolasie gelees moet word nie, maar teen die agtergrond van die hoë premie wat die Skrif stel op die huwelik.

In reaksie teen hierdie standpunt betoog Johnston (1983:30) dat die skeppingswil van God nie as argument teen homoseksuele gedrag aangevoer kan word nie. Indien dit so was dat God slegs die monogame huwelik gewil het, moet geboortebepערking en mense wat nie trou nie ook as oneties beskou word. Volgens hom is die huwelik ingestel met voortplanting as doel. Dit is egter nie die vraag nie. Die vraag is wat God se bedoeling met seksualiteit is. Uit die skeppinggebeure is dit duidelik dat seksualiteit bedoel is vir man en vrou binne die geborgenheid van 'n vaste huweliksverhouding. Mense word in Genesis 1:28 nie verplig om te trou nie en ook nie om kinders te hê nie. Dit gaan hier oor die vervulling van die kultuurmandaat. Hierdie slotsom word versterk deur Genesis 2:5. Ook ná die sondeval word aan die vrou gesê dat haar begeerte na die man sal wees (Gen. 3:16). Vanweë die androgene karakter van baie Skrifgedeeltes moet die teendeel ook hier aanvaar word, naamlik dat die man se begeerte na die vrou sal wees.

Homoseksuele gedrag is dus *contra naturam*. Dit druk, soos willekeurige seksuele verkeer, nie die natuurlike skeppingsorde ten opsigte van die verhouding tussen die geslagte, die huwelik en seksualiteit uit nie. In die lig van die eenheid van die Skrif behoort alle uitsprake oor seksualiteit en homoseksualiteit teen hierdie agtergrond gelees te word.

Met hierdie drie sake as vertrekpunt kan verder gelet word op die Skriftuurlike uitsprake wat direk handel oor homoseksualiteit, te wete Genesis 19, Rigters 19, Levitikus 18 en 20, Romeine 1, 1 Korintiërs 6:10 en 1 Timoteus 1:8-10.

2.1 Genesis 19

Genesis 19 vertel die gebeurtenis toe die twee engele as mans by Lot oornag het. Die mans van Sodom het voor Lot se huis saamgedrom en hom gevra om die mans uit te bring na buite, omdat hulle met die mans "geslagsgemeenskap wou hê" (Gen. 19:5). Lot het hulle gemaan om nie so 'n "verkeerde ding" te doen nie en aan hulle sy twee ongehude dogters aangebied.

Die tradisionele beskouing, soos verwoord deur Douma (1984:47), handhaaf die siening dat Lot die homoseksuele begeertes van die Sodomiete afwys en hulle liever 'n mindere sonde laat doen, deur sy twee dogters vir hulle aan te bied. Die moderne siening stel die

standpunt dat dit nie hier gaan om geslagsgemeenskap nie, maar dat die Sodomiete die mans net wou leer ken (*jada*). Daar is geen sprake van 'n bedoeling van homoseksuele verkeer in hierdie vers nie (vgl. Grenz, 1990:20). Daar is ook nie bewys van grootskaalse homoseksuele gedrag in Sodom nie. Voorts is die “verkeerde ding” waarna Lot verwys, nie dit wat hulle met die mans wou doen nie, maar die feit dat hulle ongasvry optree teenoor die mans aan wie hy “onderdak gegee het” (Gen. 18:8). In die Oosterse kultuurwêreld is sulke ongasvryheid as verkeerd beskou (McNeil, 1977:43).

Hoewel dit waar is dat *jada* in die Ou Testament gebruik is vir “om te leer ken” is dit ook gebruik om geslagsgemeenskap aan te dui. Volgens Fretheim (1997:409) se grammatikale verklaring vir die doeleindes van eksegetiese wys die woord *jada* in hierdie geval onteenseglik op homoseksuele verkeer – soos inderdaad ook die geval is in Levitikus 18:20 en 20:13.

Wanneer die res van die Skrif oor die Sodomverhaal geraadpleeg word, kom Esegïël 16:49-50, 2 Petrus 2:6-8 en Judas 1:7 ter sprake. Esegïël 16 noem die sondes van Sodom hoogmoedigheid, hebsug, selfsug én dat hulle afskuwelike dinge gedoen het. Wat was hierdie afskuwelike dinge? 1 Petrus 2 praat van die goddelose mense van Sodom en dan word spesifiek na hulle sedeloosheid verwys. Judas 1:7 praat van die Sodomiete se onsedelike daad wat hulle wou pleeg met “vreemde wesens”. Hierdie gegewens dui aan dat die goddelose lewe van die mense van Sodom weerspieël is in hulle sedelose gedrag. Hierdie sedelose gedrag het homoseksuele gedrag ingesluit, veral as Judas 1:7 te berde gebring word. Lot en die Sodomiete het die engele in Genesis 19 tog as *mans* beskou, en hulle as *mans* uit die huis geroep. In die lig van al hierdie gegewens is dit onwaarskynlik dat dit in die verhaal van Genesis 19 nie om 'n afwysing van homoseksuele gedrag gehandel het nie. Die gebeure word ook nie net deskriptief aangebied nie, maar is duidelik preskriptief van aard.

2.2 Rigters 19

In Rigters 19 word die begeerte van die straatboewe om geslagsgemeenskap met die Leviet in Gibeon te hê deur die gasheer as 'n begeerte tot 'n immorele daad getipeer. In die tradisionele beskouing word hierdie uitspraak as 'n verdere bewys beskou dat homoseksuele gedrag teen die wil van God is (Douma, 1984:52). Hierteenoor is die moderne siening dat homoseksuele gedrag hier slegs sydelings aangespreek word (Gudorf, 2000:140). Volgens dié beskouing gaan dit hier om die skending van die gasvryheid van die

gasheer, die skending van die menswaardigheid van die gas en die verkragting en moord op die twee vroue. Dit is die afkeurenswaardige saak wat Israel genoop het om Gibeon aan te val.

Die vraag is of hierdie gedeelte wel as preskriptief beskou kan word. Word hier nie slegs 'n ongelukkige historiese gebeurtenis wat uitgespeel het op 'n oorlog, beskryf nie? Kan hieruit werklik etiese afleidings gemaak word wat steeds relevant is? Dié saak kan soos volg beredeneer word: Eksponente van die moderne beskouing beweer dat die woord *nebalah* wat die gasheer gebruik om die daad te beskryf, eintlik *dom* beteken. Hiervolgens sou die gasheer die aanvallers maan om nie 'n dom ding te doen nie, omdat dit reperfiksies kan hê – soos wat dit inderdaad gehad het. Die woord *nebalah* word inderdaad ook vertaal met *dom*. Hamlin (1990:165) dui egter aan dat die woord hier gebruik word as *dom* in die sin van “nie kennis het van die wil van God nie”. Fausset (1999:300) is ook van oordeel dat die gasheer hierdie aanvallers beskou as “dwase voor God”, omdat hulle dom is oor Sy oordeel oor die moedswillige sonde. Die begrip *nebalah* beskryf 'n handeling wat indruis teen die “vrees van die Here”. So word die begrip inderdaad gebruik in Psalm 74:18, Deuteronomium 32:5-6 en Jesaja 32:6. Die gasheer vermaan dus die aanvallers dat hulle begeerte die verbondsverhouding tussen God en die mens versteur. Die feit dat hy sy dogter en die byvrou van die gas aan die aanvallers uitlewer, blyk dat hy hier 'n morele konflik hanteer, waarin hy vir die minste van twee immorele handelingke kies (Vorster, 2004:106).

Die voor die hand liggende verklaring van hierdie gedeelte is dat die aanvallers se begeerte tot homoseksuele gedrag beskou word as 'n sonde – selfs meer as heteroseksuele promiskuïteit. Die gedeelte kan dus beskou word as preskriptief, want dit is ingebed in 'n etiese tema wat deurlopend in die Skrif hanteer word, naamlik dat homoseksuele gedrag teen die wil van God is. Juis omdat die verbod op sulke gedrag 'n deurlopende tema is, is dit nie tydgerig nie, maar behoort dié uitspraak vir die kerk altyd relevant te wees.

2.3 Levitikus 18 en 20

Die tradisionele beskouing beskou die verbod op homoseksuele gedrag in hierdie heiligheidswette as 'n etiese voorskrif wat vir alle tye geldig is en nie, soos die seremoniële wette van die Ou Testament, vervulling vind in die Nuwe Testament nie. Douma (1984:53) het in 1984 reeds uitvoerig geskryf oor die betekenis van hierdie gedeeltes vir 'n Christelik-etiese standpunt vandag. Volgens hom lê die etiese uitspraak van Levitikus 18:22 en 20:13 in

ooreenstemming met dit wat oor die saak op ander plekke in die Skrif aangedui word. Dit blyk byvoorbeeld uit die reeds besproke dele van die Ou Testament asook dit wat Paulus skryf in Romeine 1, 1 Korintiërs 6 en 1 Timoteus 1. Hoewel die straf wat aangedui is vir homoseksuele gedrag, naamlik die doodstraf, wel verander, verander die strafwaardigheid voor God nie. In dieselfde wette geld die doodstraf vir owerspel, maar in die Nuwe Testament word owerspel 'n vergeefbare sonde volgens Jesus (Joh. 8:11). Daaruit kan afgelei word dat ook homoseksuele gedrag 'n vergeefbare sonde is. Dit bly egter sonde – ook in die Nuwe-Testamentiese bedeling (Douma, 1984:62).

Die moderne beskouing het beswaar teen so 'n letterlike verklaring en meen dat dié gedeeltes, soos ander ook, in die breër verhaal van God se heilsgeskiedenis verklaar moet word (May, 2001:587). Hierdie breër verhaal is 'n verhaal van bevryding – dit beteken ook bevryding vir die persoon met 'n homoseksuele oriëntasie. Hierdie gedeeltes kan hoogstens geles word as 'n verbod op homoseksuele promiskuïteit en nie as 'n verbod op 'n permanente homoseksuele verhouding tussen twee persone nie.

Voorstanders van hierdie beskouing grond hulle beswaar op die argument dat die wette oor homoseksualiteit deel is van die heiligsheidswette van Israel, wat te doen het met kultiese en rituele reinheid van daardie tyd. McCormick en Russell (2002:188) verdedig hierdie standpunt soos volg:

First they (these citations – JMV) form a part of the 'Holiness code' of ancient Israel, a code that was concerned primarily with cultic and ritual purity, with making certain the Hebrews were not defiled or contaminated by contact with unclean things or practices – particularly those of their idolatrous neighbors. As a result, this code forbids a number of practices that contemporary Christians would not see as immoral, including the eating of certain 'unclean' foods and intercourse during menstruation. Second, scholars tell us that it is most likely that the condemnations of homosexual acts in Leviticus 18 and 20 are directed specifically against the practice of temple or cultic prostitution. Israel's Canaanite neighbors often used male prostitutes as part of their worship of fertility gods and goddesses, and the biblical authors condemned any association with such idolatrous practices. Thus, it is unclear whether these passages can be seen as offering an absolute ethical condemnation of all homosexual acts.

Myns insiens word hierdie argument goed weerlê deur Potgieter en Van Huysteen (2002:87). Hulle toon met grondige sosio-historiese gegewens, verwysings na ander Skrifgedeeltes en woordeksegese aan dat dit nie hier gaan om die kultiese nie, maar om alledaagse gedrag. Ook wanneer die heilhistoriese lyne van die Bybel hieroor nagegaan word, kan daar geen bewys gevind word wat aandui dat die afwysing van homoseksuele gedrag opgehef word nie. Die teendeel is juis waar. Soos blyk uit Romeine 1, 1 Korintiërs 6:10 en 1 Timoteus 1:8-10 word die homoseksuele persoon nie, soos die vrou en die slaaf bevry nie, maar steeds gehou aan die verbod op homoseksuele gedrag. Waaroor die Skrif dus hier gaan, is alle vorme van homoseksuele gedrag – nie net in die Ou-Testamentiese bedeling nie, maar ook vandag.

2.4 Romeine 1

Seksuele immoraliteit was 'n bekende verskynsel in die tyd waarin Paulus sy brief aan die gelowiges in Rome gestuur het. Hieroor sê Botha (2004:50) in sy onlangse studie:

Paul was at home in the Graeco-Roman world. He spoke the language, lived and work in its cities and knew its culture. Paul surely knew the Roman world inside out. He knew that there were a great deal of immorality, abortion and the exposure of children. Prostitution and the keeping of courtesians were equally common. Divorce was frequent and many married to get access to a large fortune.

Teen hierdie agtergrond gee Paulus sy vermaning in Romeine 1:26-27 teen homoseksuele gedrag. Hierdie gedeelte word ook deur die moderne beskouing geïnterpreteer as 'n uitspraak teen bepaalde vorme van homoseksuele gedrag en nie teen die gedrag in die algemeen nie. Keane (1980:79) verduidelik hierdie alternatiewe betekenis van Romeine 1. Volgens hom gaan dit hier om kultiese praktyke en die apostel vermaan gelowiges om hulle nie aan afgodery skuldig te maak deur deel te neem aan hierdie kultiese praktyke wat met allerlei seksuele immoraliteit gepaard gegaan het nie. Dit gaan hier, volgens hierdie beskouing, nie primêr om homoseksuele gedrag nie. Johnston (1983:105) is ook hierdie mening toegedaan. Voorts word geredeneer dat die uitdrukking *para fusin* (teen die natuur) hier dui op “teen die algemene kulturele gebruike van daardie tyd”. Paulus vermaan dus gelowiges om nie teenoor die gangbare kultuur van hulle tyd, afgodiese praktyke te beoefen nie.

In sy onlangse sosio-historiese ondersoek toon Botha (2004:52) egter aan dat homoseksuele praktyke nie net tot die kultus beperk was nie. Pederastie (liefde vir seuns) en homoseksuele gedrag onder mans was 'n bekende en aanvaarde praktyk in die Grieks-Romeinse kultuur. Hy grond sy standpunt op die ontleding van die semantiese domeine van die Skrifwoorde wat met onsedelikheid te doen het. Op grond hiervan toon hy aan dat die apostel in hierdie gedeelte ook die buite-kultiese onsedelikheid in die oog het.

Die uitdrukking *para fusin* kan ook nie anders vertaal word as *teen die natuur* nie. Hiermee sluit Paulus aan by die skeppingsorde. Homoseksuele gedrag is téén die skeppingswil van God en gaan in teen die diepste bedoeling van seksualiteit, naamlik die geestelike “een word” tussen man en vrou in die huwelik. Hier is ook nie sprake van 'n bevrydende daad in die godsopenbaring, soos die geval is met vroue en slawe nie. In sy omvangryke uiteensetting ten opsigte van die deurlopende Bybelse getuienis oor hierdie temas, kom Webb (2001:250) tot die volgende konklusie:

The same canons of cultural analysis, which show a liberalizing or less restrictive tendency in the slavery and women texts relative to the original culture, demonstrate a more restrictive tendency in homosexuality texts relative to the original culture.

Die afwysing van homoseksuele gedrag in die Ou-Testamentiese openbaring word hier in die Nuwe Testament voortgesit met 'n beroep op die skeppingswil van God. Homoseksuele gedrag word vir alle tye as *contra naturam* beskou.

2.5 1 Korintiërs 6:10 en 1 Timoteus 1:8-10

In hierdie twee gedeeltes word die woorde *malakos* en *arsenokoites* deur Paulus gebruik. Albei word in die standaardvertalings met *homoseksualiteit* vertaal. Letterlik beteken *malakos* “sag” en het dit volgens Botha (2004:73) op die oog af geen seksuele konnotasie nie. *Arsenokoites*, daarenteen, het 'n duidelike seksuele betekenis. Wanneer die semantiese domeine van die twee woorde egter ondersoek word, blyk dit dat albei te doen het met homoseksualiteit en wel op 'n interessante wyse. In hulle semantiese ondersoek kom Louw en Nida (1989:773) tot die konklusie dat *arsekonoites* dui op die aktiewe manlike persoon in die homoseksuele daad en *malakos* op die passiewe vennoot. Dit is dus korrek om hierdie woorde met “mense wat homoseksualiteit bedryf” te vertaal.

Die moderne beskouing betreur hierdie vertalings. Sowel McNeil (1977:52) as Johnston (1983:107) betwyfel dit of hierdie woorde

werklik so vertaal kan word. Tog meen hulle dat dit moeilik is om te bepaal wat Paulus met hierdie woorde bedoel het en neem aan hy bedoel die omgang van mans met seuns, die sogenaamde pederastie. Moontlik het dit ook gewys op manlike prostitusie (McNeill, 1977:53). McNeill se standpunt, wat deur baie eksponente van die moderne beskouing nagevolg is, is in 1977 geformuleer. Hy het egter gebruik gemaak van verouderde en uitgediende metodes van woordanalises. Sedertdien is baie vordering gemaak met die ondersoek van begrippe binne hulle semantiese domeine. Met hierdie metode van ondersoek weerlê Louw en Nida (1989:773) die beskouing van McNeill en Johnston oortuigend en voer goeie redes aan vir die vertaling van hierdie woorde met “mense wat homoseksualiteit beoefen”.

In die lig van die deurlopende etiese afwysing van homoseksuele gedrag deur die Ou en Nuwe Testament, is dit dus moeilik om die moderne beskouing te aanvaar. Daar is genoeg begroning om te verklaar dat die Skrif enige vorm van homoseksuele gedrag afwys as 'n daad wat indruis teen die wil van God.

3. Etiese norme

Die wegskryf van die verbod op homoseksuele gedrag in die Skrif deur die moderne beskouing, kom uiteindelik nie verby die *contra naturam*-argument nie. Homoseksuele gedrag is téén die skeppingswil van God en 'n aantasting van die mens se beeldskap van God. Christelike etiek moet vanaf hierdie vertrekpunt beweeg. Indien dit nie aanvaar word nie, moet etiese beginsels ten opsigte van baie ander sake ook onder verdenking geplaas word. Boonop sou 'n mens kon argumenteer dat die oproep om die werke van die vlees (Gal. 5:13-26) te bestry nie meer geldig is nie, omdat al die sake wat daar aangedui word ook as normale gedrag getipeer kan word. Daar moet eerder gesoek word na 'n wyse waarop die liefdesgebod en die Christelike opdrag tot deernis en barmhartigheid vir die persoon met 'n homoseksuele oriëntasie uigeleef kan word. Dit is dus nodig om meer te sê oor die aard van die homoseksuele oriëntasie en die implikasies daarvan vir 'n Christelik-etiese beskouing.

3.1 Die homoseksuele oriëntasie

Die rapport wat gedien het voor die Algemene Sinode van die NGKSA bied met verwysing na verskeie navorsers in verskeie dissiplines uit die gedragswetenskappe en die natuurwetenskappe, 'n genuanseerde bespreking van die oorsake van homoseksuele oriëntering. Aandag word gegee aan die siening van die oriëntering

en die bestudering daarvan deur die loop van die geskiedenis. Die rapport dui aan dat die oorsake van die homoseksuele oriëntering lê in 'n kombinasie van konstitutiewe (aangebore), psigiese en sosiale faktore wat moontlik 'n rol kan speel. Daar is navorsers wat dit toeskryf aan sielkundige faktore en ook nuwere navorsing wat 'n saak uitmaak vir die basiese genetiese aard van homoseksualiteit. Ander navorsing kan ook moontlik dui op die aangebore aard van die verskynsel, wat kan ontstaan as gevolg van bepaalde hormonale invloede tydens swangerskap, die ontwikkeling van die breinstruktuur en die moontlike invloed van chromosomale variasies. Die rapport meld verder soos volg.

Sosiale faktore wat oor die die jare in aanmerking gekom het as moontlike oorsake van homoseksualiteit, is onder andere gesinsdinamika (dominante moeders en afwesige vaders), opvoedingspatrone (seuns wat soos meisies en dogters wat soos seuns grootgemaak word), verleiding van kinders deur volwassenes en die blootstelling aan die voorbeeld van homoseksuele persone (NGKSA, 2004:12).

Wetenskaplike navorsing wat gedoen word in verskillende dissiplines het nog nie duidelik vasgestel of daar 'n genetiese oorsaak vir 'n homoseksuele oriëntasie is nie. Sommige in die gedragswetenskappe is oortuig dat 'n homoseksuele oriëntasie

[d]oes not depend on a genetic predisposition, hormonal imbalance, abnormal learning processes, but on difficulties in the parent-child relationship, especially in the earlier years of life (Moberly, 1983:2).

Hierdie navorsing word in ander kringe skepties bejeën. Vanweë die etiese aard van hierdie ondersoek, word nie 'n keuse gemaak tussen die navorsingsresultate nie. Tog blyk dit dat die standpunt wat Moberly (1983:2) hierbo stel die wydste aanvaarding geniet. In hierdie artikel se etiese perspektief word hierby aangesluit. Wat ook belangrik is, is om te aanvaar dat daar genoeg wetenskaplike getuienis is wat aandui dat persone met 'n egte of kern-homoseksuele oriëntasie op die een of ander wyse hierdie oriëntasie buite hulle beheer ontvang of ontwikkel het. Dit was nie hulle keuse nie (Balswick & Balswick, 1999:100). Daar is ook genoeg getuienis dat hierdie persone nie hulle oriëntasie kan verander na 'n heteroseksuele oriëntasie nie (Keane, 1980:78). Hoewel die oorsaak van 'n homoseksuele oriëntasie dus nog nie bo alle twyfel vasgestel is nie, moet aanvaar word dat minstens persone met 'n egte of kern-homoseksuele oriëntasie, nie hulle oriëntasie self gekies het nie. Hierdie argument geld egter nie vir

mense wat die homoseksuele oriëntasie doelbewus aangeneem het, soos byvoorbeeld gevangenes, soldate of in ander sosiale verbande waar dit as normaal aanvaar word nie.

Die vraag wat na die lees van al hierdie navorsingsresultate na vore kom en wat, soos reeds aangedui, vir 'n etiese beoordeling uiters noodsaaklik is om te beantwoord, is of hierdie oriëntasie en homoseksuele gedrag as normaal aanvaar moet word en of dit as 'n afwyking beskou moet word? Die Skrif beskou homoseksuele gedrag as *contra naturam*. Wat sê die wetenskap? In 1973 het die American Psychological Association homoseksuele gedrag verwyder van die lys van afwykende gedragspatrone en dit sedertdien beskou as 'n normale variant van seksualiteit (Botha, 2004:3). Hierdie beskouing is in baie lande en gemeenskappe nagevolg en baie kerke het vrede gemaak daarmee.

Tog is die saak vanuit 'n moderne wetenskaplike oogpunt nie so eenvoudig nie. Moberly (1983:21) bied in hierdie opsigte belangrike insigte. Met haar psigologiese navorsing het sy bevind dat die persone met 'n homoseksuele oriëntasie opmerkbare verlies ervaar. Hierdie verlies het ontstaan in die groeiproses waar bepaalde leemtes in gesinsverhoudinge bestaan het. Op die hantering van daardie verlies word later teruggekom. Hieruit kan ook tot die slotsom gekom word dat 'n homoseksuele oriëntasie nie as normaal beskou kan word nie, omdat daar bepaalde emosionele en psigologiese behoeftes en verliesbeleving is wat nie algemeen by mense voorkom nie. Indien geoordeel word dat hierdie verliesbeleving normaal is en dus nie belangrik is nie, waarom word ander gedragspatrone, soos 'n geneigdheid tot chemiese afhanklikheid, woede-uitbarstings, maniese depressie, paniekaanvalle, 'n pedofiele oriëntasie, kleptomane en ander afwykende gedragspatrone nie ook as normaal aanvaar nie?

Vir 'n etiese besinning is die volgende twee gevolgtrekkings dus bepalend:

- Die persoon met die egte of kern-homoseksuele oriëntasie het die oriëntasie nie gekies nie en kan volgens wetenskaplike gegewens tot op datum, hierdie oriëntasie nie verander nie.
- 'n Homoseksuele oriëntasie is 'n psigologiese en 'n sosiale afwyking en homoseksuele gedrag kan nie beskou word as 'n normale variant van seksualiteit nie.

Vervolgens kan gelet word op die betekenis van hierdie gevolgtrekkings vir die homoseksuele verhouding, vir die erkenning van 'n huwelik tussen homoseksueles en vir homofobiese gedrag.

3.2 Die homoseksuele verhouding

Die etiese beginsels ten opsigte van homoseksuele gedrag maak enige vorm van homoseksuele gedrag onaanvaarbaar. Die moderne standpunt dat homoseksuele gedrag aanvaarbaar is, solank dit geskied binne 'n vaste verhouding en onderworpe is aan dieselfde vereistes as die heteroseksuele huwelik, kan dus nie aanvaar word nie. Indien dit aanvaar word, dan moet al die ander menslike oriëntasies wat deel is van die gebroke wêreld waarin mense leef en waarteen hulle moet stry, ook binne bepaalde voorwaardes goedgekeur word. So 'n standpunt bring by implikasie die hele saak van Christelike lewensheiliging in die gedrang.

Hierdie Bybelse beginsel vind ook steun in die wetenskap. Ook op grond van wetenskaplike navorsing sê Moberly (1983:21) dat homoseksuele gedrag nie die oplossing van die probleem van verliesbelewing by die persoon met die homoseksuele oriëntasie is nie. 'n Permanente homoseksuele verhouding is ook nie die antwoord nie. Juis omdat die oriëntasie die gevolg is van 'n verliesbelewing in so 'n persoon se vormingsjare en dít die kardinale saak is wat behandel moet word, is so 'n persoon nie in staat tot 'n permanente verhouding nie (Moberly, 1983:36). Die oplossing lê in die persoon se hantering van sy oriëntasie en moet op die psigologiese vlak gesoek word.

Homosexuality involves both a state of incompleteness and a drive towards completion. The normal process of psychological growth has been checked in a significant respect, but the potential for restoration is not absent, and the process of growth may be resumed. This reparative attempt is, we must repeat, the solution and not the problem. The normal process of growth has been interrupted and left unfulfilled, and the capacity for same-sex love is itself the attempt to restore the disrupted attachment. It is this that the homosexual strives towards (Moberly, 1983:36).

3.3 Die erkenning van die homoseksuele huwelik

Wat hierbo gesê is, geld ook vir die huwelik tussen persone met 'n homoseksuele oriëntasie. 'n Ander argument kan hierby gevoeg word. Omdat homoseksuele gedrag *contra naturam* is, bring dit die menswaardigheid van die mense wat betrokke is in die gedrang. Die

mens as beelddraer van God is op weg uit die gebroke bedeling. Dit is God se bedoeling dat die mens 'n nuwe mens word en moet uitgroeï uit die ruheid en onvolmaaktheid van hierdie aarde. Die mens onderweg moet juis stry teen die letsels van die sondige bedeling. Christus se soenverdienste maak hierdie stryd moontlik en die Heilige Gees begelei God se kinders op hierdie vernuwingspad. Die mens wat hom oorgee aan gedrag wat juis een van die gevolge is van die gebroke bedeling, bring sy beeldskap van God in die gedrang. Dit geld nie net vir homoseksuele gedrag nie, maar alle gedrag wat in stryd is met die vrugte van die Gees (Gal. 5:22-24).

Die sogenaamde homoseksuele huwelik kan dus nie as menswaardig beskou word nie. Die Christelike etiek erken menswaardigheid as een van die fundamente van die grondwetlike demokrasie in Suid-Afrika. Maar 'n verbintenis wat *contra naturam* is, bring die Christelik-etiese beskouing oor menswaardigheid in die gedrang en moet dus vanuit hierdie perspektief gesien word as in stryd met hierdie grondwetlike waarde. Meer sal hieroor gesê word wanneer gehandel word oor die plig van die owerheid.

3.4 Homofobiese gedrag

Hoewel homoseksuele gedrag *contra naturam* is, is die homoseksuele mens, soos alle gebroke mense, egter beeld van God. Die Christelike leer van die mens as beeld van God is die grondslag vir die Christen se menswaardige hantering van sy naaste. Mense is nie vanselfsprekend menslik nie, maar moet menslik wees en menslik word (König, 1993:57). Verontmensliking van ander deur diskriminasie of haatspraak, stol die proses van self mens word.

Die liefdesgebod vereis 'n liefde tot alle mense. Christelike liefde kan nie beperk word tot persone van dieselfde groep, volk, ras, stand of seksuele oriëntasie nie. As gebroke mens wat stry teen sy eie gebrokenheid, moet die Christen alle ander mense ongekwalifiseerd liefhê, hoewel hy die sonde moet haat. Die persoon met 'n homoseksuele oriëntering moet dus met liefde betrag word. Soos in die geval van rassisme, etnosentrisme, xenofobie en seksisme, moet homofobiese gedrag afgewys word (Vorster, 2004:155). Homofobiese gedrag is onmenslik – vir die dader sowel as vir die objek. Verder is dit ook 'n aantasting van die homoseksuele mens se beeldskap van God en strydig met die liefdesgebod.

4. Die plig van die kerk

Die standpunt van Hauerwas (2002:341) dat die kerk nie 'n "sosiale etiek het nie" maar "'n sosiale etiek is", is in die omlýning van die taak van die kerk ten opsigte van homoseksualiteit van besonder belang. Hoewel hy anders oor die hantering van homoseksualiteit oordeel, is die klem wat Hauerwas lê op die kerk as voorbeeld van morele saamleef van mense, in hierdie opsig waardevol. As 'n algemene vertrekpunt kan dus gesê word dat die kerk as "sosiaal-etiese voorbeeld" die samelewing moreel opbou, sodat die waardestelsel van die gemeenskap die Skriftuurlike etiese perspektiewe weerspieël. Die kerk is per slot van sake in getuienis en as 'n voorbeeldige vorm van samelewing, 'n morele opinievormer.

Wanneer die algemene vertrekpunt verder verfyn word, kan die volgende gesê word: Die taak van die kerk is eerstens om 'n duidelike prinsipiële getuienis in die samelewing in te dra. Juis in hierdie tyd, wat die vrug is van jarelange sekularisering van seksualiteit met al sy negatiewe en pynlike gevolge vir mense en verhoudinge, moet die Skriftuurlike beginsels duidelik onderstreep word. Die Rooms-Katolieke kerklike tradisie is hierin inderdaad 'n voorbeeld. Ongelukkig het die stem van die Protestantisme in die samelewing vanweë onderlinge verskille oor die saak van seksualiteit, grotendeels irrelevant geword. Dit blyk dat in sommige kringe telkens slegs 'n etiese onderbou gegee word vir die verdere sekularisering van seksualiteit.

Die kerk het tweedens ook 'n besondere roeping teenoor mense met 'n homoseksuele oriëntasie. In die uitvoering hiervan is dit nodig om onderskeid te tref tussen homoseksuele oriëntasie en homoseksuele gedrag (Moberly, 1983:1). Hoewel die kerk geen erkenning kan gee aan enige vorm van homoseksuele gedrag en aan die homoseksuele huwelik nie, moet die kerk in pastorale bewoëndheid omsien na die persoon met 'n homoseksuele oriëntasie. Die persoon met 'n homoseksuele oriëntasie dra, soos ander mense, die beeld van God en is geregtig om ten volle as mens gerespekteer en behandel te word (McCormick & Russell, 2002:192). So 'n persoon moet volledig in die gemeenskap van die gelowiges opgeneem word en kan nie as gevolg van die afwykende oriëntasie uitgesluit word uit byvoorbeeld die kerklike ampte nie. So 'n persoon moet gelei word om die afwykende oriëntasie te hanteer sonder om dit op enige wyse seksueel uit te leef. Net soos enkelopende heteroseksuele mense, geskeides, weduwees en wewenaars nie hulle seksuele begeertes in buite-egtelike verhoudings mag uitleef nie, moet die

persoon met die homoseksuele oriëntasie nie sy seksuele begeerte uitleef in homoseksuele gedrag nie.

In die begeleiding van die persoon met 'n homoseksuele oriëntasie moet in ag geneem word dat die persoon 'n bepaalde verlies probeer verwerk – hierin kan die pastorale bediening 'n groot bydrae lewer. Moberly (1983:36) sê:

Unmet needs are to be met – but without erotisation. It is the sexual expression of pre-adult psychological needs that is unacceptable, and it is in this sense that one may say that God did not intend homosexuality. The needs are legitimate: the only question is of the legitimate means of fulfilling such needs when they have not been met in the ordinary process of growth.

Sy sê verder dat dit nie help om die persoon te oorreed tot die aangaan van 'n heteroseksuele huwelik nie, want

[m]arriage (heterosexual – JMV) cannot be a cure for homosexuality, since a relationship with the opposite sex cannot deal with same-sex deficits. Indeed, the practice of heterosexuality may bring unhappiness not only to the homosexual but to the heterosexual partner (Moberly, 1983:38).

Die oproep tot seksuele onthouding kan nie gesien word as die enigste oplossing nie. Hierdie oproep moet gepaardgaan met die begeleiding om die verlies te verwerk. By die homoseksuele persoon is daar psigologiese behoeftes betrokke en hy kan sy oriëntasie, wat nie verander kan word nie, beter hanteer en beter keuses uitoefen indien hierdie behoeftes op psigologiese vlak hanteer word (Moberly 1983:21).

5. Die plig van die owerheid

Twee sake kom onder die soeklig ten opsigte van die plig van die owerheid teenoor persone met 'n homoseksuele oriëntasie, soos wat beredeneer word in die huidige diskoers in Suid-Afrika. Eerstens is die wettiging van 'n huwelik tussen twee persone van dieselfde geslag en tweedens is die vraag of daar teen persone met 'n homoseksuele oriëntasie gediskrimineer mag word in bepaalde omstandighede.

Daar word tans in Suid-Afrika besin oor die wettiging van 'n homoseksuele huwelik. Na die uitspraak van die Appèlhof in Suid-Afrika in Desember 2004, is in 'n hoofartikel van die Afrikaanse dagblad, *Beeld* (Anon., 2004:20), geoordeel dat die uitspraak 'n suiwer juridiese uitspraak is en nie 'n morele uitspraak nie. Hiermee

het die dagblad die opinie van baie voorstanders van die huwelik tussen mense van dieselfde geslag weergegee. Hierdie standpunt gaan uit van die positivistiese beskouing dat regspraak paradigmatavry of moreel neutraal is. Hierdie positivistiese beskouing kan egter met goeie gronde bevraagteken word. Die post-modernistiese wetenskapsbeskouing het alreeds so 'n benadering as ongeldig bewys (Kuhn, 1970:VIII; Knox, 1993:1; Rossouw, 1993:894; Vorster, 1996:10). Alle wetenskapsbeoefening en rasonale standpuntinname funksioneer en word bepaal deur bepaalde paradigmas. Dieselfde kan gesê word van regspraak. Regspraak funksioneer nie in 'n vakuum asof dit "objektief" is nie. Regspraak is altyd waardegedrewe en geskied binne 'n bepaalde geldende paradigma.

Die uitspraak oor huwelike tussen mense van dieselfde geslag in Suid-Afrika gaan uit van 'n bepaalde beskouing van gelykheid en menswaardigheid – in hierdie geval 'n sekulêr-humanistiese lewens- en wêreldbeskouing. Vanuit 'n Christelike etiese perspektief kan hierdie onderliggende lewens- en wêreldbeskouing bevraagteken word. Eerstens stry dit teen die Skriftuurlike idee van menswaardigheid. As die mens toegelaat word om 'n huwelik aan te gaan wat *contra naturam* is, reduceer dit menswees tot op die vlak van die dierlike. Die mens is juis, anders as diere, uit die willekeurigheid van seksuele verkeer uitgelig. Dieselfde geld oor heteroseksuele verhoudings wat losgemaak word van die liefde tussen man en vrou. Die uitspraak is dus ook 'n morele uitspraak wat op 'n gemeenskap afgedwing word. As morele uitspraak druis dit in teen die onverbondenheid wat die owerheid teenoor godsdienstige beskouinge moet handhaaf. Met die wettiging van die huwelik tussen mense van dieselfde geslag, neem die owerheid dus juis 'n besliste morele posisie in en kom sy onverbondenheid in die gedrang.

Vanuit 'n ander hoek benader, kan 'n verdere argument teen die wettiging van 'n homoseksuele huwelik gevoer word. 'n Grondwet en die toepassing daarvan in die regspraak behoort die waardes van die gemeenskap in ag te neem (Van der Vyver, 1999:670; Vorster, 2004:89). Die uitoefening van die regte moet nie teen die waardestelsel van die gemeenskap indruis nie, want dan vervreem dit die grondwet van die gemeenskap asook die geskiedenis waaruit die grondwet gegroei het. Die sterk Christelike inslag van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en die invloed van die Islam en die tradisionele Afrikagodsdiens in daardie bepaalde gemeenskappe is sterk gekant teen die wettiging van die huwelike tussen persone van dieselfde geslag. Die owerheid behoort dus nie so 'n huwelik te wettig nie.

Oor die beskerming van die ander menseregte van persone met 'n homoseksuele oriëntasie kan egter anders geoordeel word. In 'n grondwetlike demokrasie kan die owerheid nie anders as om die regte van alle mense te erken en te beskerm nie. Alle burgers leef immers onder die beskerming van die grondwet en word verplig om die verantwoordelikhede wat die grondwet oplê, na te kom. Die klem wat die huidige Suid-Afrikaanse owerheid lê op die beskerming van die regte van voorheen benadeeldes, vroue en gestremde mense moet verwelkom word. Dit is in ooreenstemming met die norme van die Christelike etiek. Die persone met 'n homoseksuele oriëntasie se regte moet ook beskerm word. In hierdie opsig is die opvatting van die Vatikaan nie verdedigbaar nie (Brash, 1995:74), naamlik dat dit nie 'n onreg is om teen mense met 'n homoseksuele oriëntasie te diskrimineer op terreine soos die onderwys, sportafrigting, militêre werwing, openbare behuising en gesondheidswerk nie. Behalwe dat so 'n opvatting in stryd is met die liefdesgebod, weerspreek dit die kernbeginsels van 'n grondwetlike demokrasie. Hierdie opvatting bevorder ook homofobie.

Die owerheid kan vanweë sy staanplek as 'n godsdienstig onverbonde owerheid en op grond van die beginsels van godsdienstvryheid en vryheid van gewete nie 'n bepaalde waardesistiem op 'n gemeenskap afdwing nie. Hy kan alleen die bestaande waardes in ag neem, soos reeds hierbo geredeneer is. Daarom lê dit nie op die weg van die owerheid om seksualiteit met wetgewing te reël nie. Daar mag dus nie met wetgewing teen mense met 'n homoseksuele oriëntasie gediskrimineer word, soos wat by tye in die geskiedenis wel plaasgevind het nie. Seksuele moraliteit moet gevorm word deur kerke, ander godsdienstige instellings en opvoedkundige verenigings deur middel van opvoeding en oorrading en nie by wyse van owerheidswetgewing nie.

6. Konklusie

Die vrae wat in die inleiding van hierdie artikel gestel is, kan in die lig van die navorsing soos volg beantwoord word:

- Homoseksuele gedrag is *contra naturam*. Daarom moet enige vorm van homoseksuele gedrag deur die Christelike etiek afgewys word. Die persoon met 'n homoseksuele oriëntering het die verantwoordelikheid om hom te weerhou van homoseksuele gedrag, net soos alle ander mense ten opsigte van hulle gebroke menslike natuur selfbeheersing moet beoefen.

- Volgens die gedragswetenskappe is die homoseksuele oriëntering van kern- of egte homoseksueles nie veranderbaar nie. Hierdie oriëntasie is geleë in 'n bepaalde verlies in die ontwikkelingsfases gedurende die kinderjare. Die kerk behoort met Christelike liefde en pastorale deernis die persoon met 'n homoseksuele oriëntasie te begelei om hierdie verlies te verstaan en te verwerk.
- Die gelowige persoon met 'n homoseksuele oriëntering, wat nie homoseksuele gedrag beoefen nie, is soos ander, beeldraer van God en moet as volle lid van die kerk hanteer word en moet dieselfde regte as enige ander gelowige geniet. As landsburger moet die persoon met 'n homoseksuele oriëntasie alle regte van die grondwet geniet en daar mag op geen wyse teen so 'n persoon gediskrimineer word nie.
- Vanweë die feit dat homoseksuele gedrag *contra naturam* is, kan die Christelike etiek en dus ook die kerk nie enige legitimiteit verleen aan 'n homoseksuele verhouding of 'n homoseksuele huwelik nie. Vanweë die feit dat 'n grondwet groei uit 'n bepaalde geskiedenis en die waardestelsel van die gemeenskap weer-spieël, behoort die grondwetlike hof uitspraak te lewer téén die wettiging van homoseksuele huwelike.
- Homofobiese gedrag en diskriminasie teen persone met 'n homoseksuele oriëntasie is strydig met die liefdesgebod en dus oneties. Die kerk en die owerheid moet alle vorme van homofobiese gedrag afwys.
- Persone met 'n homoseksuele oriëntasie het die reg om volledig menslik behandel te word in die kerk en in die samelewing, maar het die plig om hulle te weerhou van enige vorm van homoseksuele gedrag.

Geraadpleegde bronne

- ANON. 2004. Hoofartikel: Gay huwelike. *Beeld*: 20, Des. 2.
- BALSWICK, J.K. & BALSWICK, J.O. 1999. *Authentic human sexuality: An integrated Christian approach*. Downer's Grove: InterVarsity.
- BERKHOF, L. 1969. *Principles of Biblical interpretation*. Grand Rapids: Baker Book House.
- BOTHA, P. 2004. *The apostle Paul and homosexuality: A socio-historical study*. Potchefstroom: North-West University. (Ph.D. thesis.)
- BRASH, A.A. 1995. *Facing our differences: The church and their gay and lesbian members*. Geneva: WCC Publications.
- DE BRUYN, P.J. 1998. *The Ten Commandments*. Potchefstroom: PU vir CHO.
- DOUMA, J. 1984. *Homofilie*. Kampen: Van den Bergh.

- EDWARDS, G.R. 1984. *Gay/lesbian liberation: A Biblical perspective*. New York: The Pilgrim Press.
- FAUSSET, A.R. 1999. *A critical and expository commentary on the book of Judges*. Edinburgh: Banner of Truth Trust.
- FRETHEIM, T.E. 1997. *Jada*. (In Van Gemmeren, W.A. *New international dictionary of Old Testament theology and exegesis*. Volume 2. Grand Rapids: Zondervan. p. 409-415.)
- GRENZ, S. 1990. *Sexual ethics: A Biblical perspective*. London: Word Publishing.
- GUDORF, C. 2000. The Bible and science on homosexuality. (In Balch, D.L. *Homosexuality, science and the "plain sense" of Scripture*. Grand Rapids: Eerdmans. p. 121 – 141.)
- HAMLIN, E.J. 1990. *Judges: At risk of the Promised Land*. Grand Rapids: Eerdmans.
- HAUERWAS, S. 2002. *The Hauerwas reader*. London: Duke University Press.
- JOHNSTON, M. 1983. *Gays under grace: A gay Christian's response to the moral majority*. Nashville: Winston-Derek.
- KEANE, P.S. 1980. *Sexual morality, A catholic perspective*. Dublin: Gill & Macmillan.
- KNOX, C. 1993. *Changing Christian paradigms and their implications for modern thought*. New York: Brill.
- KÖNIG, A. 1993. *Menslike mense: Gelowig nagedink. Deel 5. Oor die mens en die sonde in die praktyk*. Halfway House: Orion.
- KROEZE, J.H. 1970. *Bybel en seks*. Braamfontein: De Jong.
- KUHN, T.S. 1970. *The structure of scientific revolutions*. Chicago: The University of Chicago Press.
- LOUW, J.P & NIDA, E.A., ed. 1989. *Greek-English lexicon of the New Testament: Based on semantic domains. Volume 1*. Roggebaai: Bible Society of South Africa.
- MACCOURT, M. 1977. *Towards a theology of gay liberation*. London: SCM.
- MAY, M.A. 2001. Homosexuality. (In Fahlbusch, E. et al. *The encyclopedia of Christianity*. Vol. 2. Leiden: Brill. p. 587-589.)
- MCCORMICK, P.T. & RUSSELL, B.C. 2002. *Facing ethical issues: Dimensions of character, choices & community*. New York: Paulist Press.
- MCNEILL, J.J. 1977. *The Church and the homosexual*. London: Darton, Longman & Todd.
- MOBERLY, E.R. 1983. *Homosexuality: A new Christian ethic*. Cambridge: Clarke.
- NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 2004. *Rapport insake homoseksualiteit wat gedien het voor die Algemene Sinode 2004*. Pretoria: NGKSA.
- NGKSA
kyk NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA
- POTGIETER, J. & VAN HUYSSTEEN, F. 2002. *Homoseksualiteit in perspektief: Hoop en heling uit die Bybel*. Wellington: Lux Verbi BM.
- REC
kyk REFORMED ECUMENICAL SYNOD
- REFORMED ECUMENICAL SYNOD. 1990. *Report on hermeneutics and ethics*. Grand Rapids: REC.
- ROSSOUW, G.J. 1993. Theology in a post modern culture: Ten challenges. *Hervormde Teologiese Studies*, (49):894-907.

- VAN DER VYVER, J.D. 1999. Constitutional perspective of the Church – State Relations in South Africa. *Brigham Young University Law Review*, (2):665-678.
- VAN WYK, J.H. 2001. *Etiëk en eksistensie in koninkryksperspektief*. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- VORSTER, J.M. 1996. *Is die kerk funksioneel? Gedagtes oor gereformeerde kerkvernuwing in 'n post-moderne konteks*. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- VORSTER, J.M. 2004. *Ethical perspectives on human rights*. Potchefstroom: Potchefstroom Theological Publications.
- WEBB, W.J. 2001. *Slaves, women and homosexuals: Exploring the hermeneutics of cultural analysis*. Downer's Grove: InterVarsity.

Kernbegrippe:

gay-huwelike
homofobie
homoseksualiteit
homoseksuele gedrag
homoseksuele oriëntasie

Key concepts:

homophobia
homosexual conduct
homosexual marriages
homosexual orientation
homosexuality